DIE FOKUS

Hier is ek! Stuur my! 01/11/2026

FOKUS OP DIE DIENS

BELYDENISAFLEGGING:

Vandag lê die belydenisklas openbare belydenis van geloof af. Ons sê in die besonder vir hulle, hulle ouers, familie en vriende baie welkom by die geleentheid.

BELYDENISKLAS: Dirkie Burger, Louis Burger, Piétra Vergottini, Tihan van Schalkwyk

PREDIKER: Dr. Enrico Casaleggio

TEKS: LUKAS 17:11 – 19, Heidelbergse Kategismus Sondag 1, Vraag en Antwoord 2

TEMA: LIDMAATSKAP IS 'N LEWE VAN DANKBAARHEID

1. *NET* $\frac{1}{10}$
   Lukas 17:14,15 – 17
2. *SÊ DANKIE, LEEF DANKIE*
   Lukas 17:17

Lidmaatskap is 'n lewe van *dankbaarheid*.

Na die erediens is almal baie welkom om 'n koppie tee/koffie in die kerksaal te geniet.

Besoek aan Botswana: Dr. Enrico en Toekie vertrek hierdie week na Gabarone, Botswana. Dr. Enrico se pa het die Dutch Reformed Church in Botswana se gemeente sestig jaar gelede in Gabarone geplant. Hulle is genooi vir die feesvieringe en Dr. Enrico preek ook by dié geleentheid op Sondag, 8 November. Hy sal 'n Tswana Bybel as geskenk namens ons gemeente aan daardie gemeente oorhandig. Bid dat dié besoek voorspoedig en geseënd sal wees.

SONDAGSKOOL: Die kinders kom na die erediens op die boonste vloer vir Sondagskool bymekaar. Ons doen 'n vriendelike, tog baie dringende beroep op die ouers om saam met hul kinders die erediens by te woon.

Volgende Sondag is dit die Sondagskoolafsluiting. Dit gaan die vorm van 'n heerlike piekniek in die tuin aanneem. Daar gaan ook vir elke kind 'n verrassinkie wees.

VIR KENNNISNAME: Die tyd van kontant in jou sak raak al hoe minder. Daarom het die Finansiële Werkgroep dit goed gedink om 'n Yoco kaartmasjien in die voorportaal beskikbaar te stel. U is baie welkom om van dit gebruik te maak om veral te help met eredienskollektes. Ons hoop dit maak dit vir jou makliker. Baie dankie!

FOKUS OP DIE GEMEENTE



Hierdie is die uitnodiging vir die afsluiting van die jaar vir die vroue in die gemeente. Daar is ongelukkig net plek vir 20. Om teleurstelling te voorkom betaal jou plek so gou as moontlik.

VROUEBYBELSTUDIE: Daar is Donderdagoggende om 10:00 Bybelstudie by die kerk en Donderdagoggende om 9:00 by die Atree-oord. Ons doen hier ook die studie oor God. Behalwe vir die feit dat dit geestelik verrykend is, is dit ook lekker om al geselsende die onderwerp uit die Bybel te ontrafel.



KERSMARK: Alle hulp tydens hierdie Kersmark sal baie waardeer word. Kontak die kerkkantoor. Baie dankie.

SENDINGKALENDER: Op 8 November word ons deur Andries Gous van Tsumkwe besoek.
Bid asseblief gereeld vir elke uitreik en elke besoeker wat ons ontvang. Sluit gerus aan by hierdie of van die ander werkgroepe in die gemeente.

Bybelskool: Weens die munisipale verkiesing sal daar nie Woensdagaand Bybelskool wees nie.

VRYDAGOGGEND BIDUUR Daar is elke Vrydagoggend van 6:30 – 7:00 ‘n gebedsgeleentheid in die Gebedskamer. Die tyd is so vroeg in die oggend om mense wat nog moet werk toe gaan, ook die geleentheid te gee om dit by te woon. Daar sal tydens die biduur ‘n kort boodskap uit die Bybel wees.

By dié geleenthede is ons nie baie nie, maar ons hou vas aan die woorde van Jakobus 5:16 en 17: “*Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie*”.

Laat weet gerus die Kerkkantoor as jy behoefte het aan gebed en waarvoor ons vir jou kan bid by die biduur.

Apolo-Tiener: Die tieners en studente kuier Donderdagaand 19:00 - 20:00 by dr. Enrico. Daar sal goeie koffie wees en ook ‘n goeie gesprek. Kom gesels Donderdagaand saam. Kultusse en sektes fokus op tieners en studente. Ons kuiers by Apolo-Tiener is onder andere daarop gemik om ons jongmense weerbaar te maak.

Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling: 2026

Ons gemeente se jaarlikse Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling vind soos in die verlede, vanaf 1 Oktober tot einde Februarie plaas. Hierdie insameling gee aan ons lidmate die geleentheid om deur middel van hulle geldelike bydrae hulle dankbaarheid te toon vir die baie seën en gawes wat ons onverdiend uit die Here se hand ontvang. Hierdie jaarlikse insameling is noodsaaklik om die werk van die Here in ons gemeente in stand te hou. Ons is werklik dankbaar vir elke lidmaat wat elke jaar so getrou ’n bydrae gee. Kom ons loof en dank die Here vir sy liefdevolle versorging en roep ons u met vrymoedigheid op om so mildelik as moontlik te gee.

Daar is drie opsies wat u kan gebruik vir u bydrae:

1. Spesiale Dankoffer koeverte is in die voorportaal op die **houtrak** beskikbaar. U kan die koevert in die kollektesakkie plaas.
2. U kan die kerkkantoor na die erediens besoek en met die kaartmasjien ’n betaling doen.
3. U kan ’n direkte inbetaling op die kerk se rekening doen. Besonderhede is as volg: NG Gemeente Fichardtpark, **ABSA** tjekrekening **0490 580 395** met takkode **632005**. V*erwysing*: **Spes Dankoffer/Naam**.

As u weet van bure/vriende wat nie meer erediens toe kan kom nie, versoek ons dat u ook vir hulle ’n koevert sal neem en hulle ook behulpsaam sal wees om die koevert na ’n erediens te bring. Ons bedank u by voorbaat vir u waardevolle bydrae en samewerking in dié verband.

Die bedrag wat vir hierdie jaar begroot is, is R230 000. Die saldo staan tans op **R77 300.**

Vakature: Skriba/Kasier – Gemeente

Ons is jammer om te moet sê dat Reneé Ferreira ons in kennis gestel het dat sy haar diens op 28 Februarie 2027 beëindig. Ons het die hoogste waardering vir die uitstekende diens wat sy oor ongeveer 13 jaar vir ons gemeente gelewer het. Sy het bevestig dat sy en Anton lidmate van ons gemeente sal bly.
Ons sal verkies om iemand wat 'n lidmaat van ons gemeente is in haar plek aan te stel. Hierdie is dus 'n uitnodiging aan lidmate van ons gemeente om aansoek te doen vir die pos. Die volgende is belangrik:

- **DATUM**: Die pos moet verkieslik gevul word vanaf 1 Februarie 2027 sodat die persoon vir een maand saam met Reneé kan werk.
- **VEREISTES:** Rekenaarvaardigheid en 'n finansiële agtergrond.
- **WERKSURE**: Maandag tot Vrydag vanaf 08h00 tot 13h00, asook Sondae vanaf 08h00 tot 11h00.
- **PLIGTE**: 'n Volledige pligtelys is beskikbaar by die Kerkkantoor.
- **AANSOEKE:** Stuur 'n CV per e-pos na ngfpark@xsinet.co.za voor of op 30/10/2026.
- **VERGOEDING:** Onderhandelbaar (ongeveer R14 000.00 per maand).

FOKUS OP VERJAARSDAE

01/11/2026:	Michelle Laubscher, Winnie van Wyk	04/11/2026:	Geen
02/11/2026:	Geen	05/11/2026:	Rika Lombaard, Niel Pienaar
03/11/2026:	Hannatjie Esterhuyse, Ruan Rautenbach	06/11/2026:	Emsie du Toit
		07/11/2026:	Melissa Billson

FOKUS OP VOORBIDDING

Gebedsversoeke

A.J. Gordon sê oor gebed: "Jy kan meer doen as bid nadat jy gebid het, maar jy kan nie meer doen as bid totdat jy gebid het nie."

- ❖ Daar is 'n hele paar van ons lidmate wat al vir 'n geruime tyd baie siek is en mediese behandeling ondergaan. Ons dink aan hulle in gebed.
- ❖ Met Annette Wilkenson gaan dit beter, ons is baie dankbaar saam met haar en haar geliefdes.
- ❖ Ons bid ook vir die Matrieks wat met hulle eindeksamen besig is.
- ❖ Ons bid ook vir geestelike groei onder ons lidmate. Mag daar 'n brandende begeerte by elke lidmate wees om die Here inniger te leer ken.